



DOL *oor* DIERE

As jy vir Bert 'Langasem' Vos by een van die temaparke naby Plettenbergbaai raakloop, moet jy tog die impuls weerstaan om na jou horlosie te kyk, want sy vertellings oor diere is fassinerend

Deur JACKIE PIENAAR-BRINK

Endag was daar 'n jong seun wat, soos seuns maar is, op hul wildsplas in Namibië sy pa se opdrag verontagsaam het om 'n rooikat-wesie in die natuur los te laat. Toe sy pa daarna die rooikat weggesteek in 'n boks onder sy seun se bed vind, het hy besluit om die weg van kennis eerder as harde woorde te loop.

Seun en rooikat is saam na 'n buitekamer verban sodat eersgenoemde eerstehands met die verwoestende gewoontes van hierdie katspesie kennis kon maak.

Vandag is daardie seun 'n veldgids by die Jukani Wildlife Sanctuary naby Plettenbergbaai in die Suid-Kaap.

Dat daar gemoedelik na hom as Bert "Langasem" Vos verwys word, pla hom nie in die minste nie. Vir hom gaan dit oor die boodskap wat hy wil oordra, naamlik dat wilde diere in die natuur hoort. Dit het hy immers aan sy eie bas geleer.

Bert (62) was van kleins af gek oor die veld en diere. Hoewel hulle in Windhoek gewoon het, waar sy pa skoolhoof was, het hulle baie tyd op hul wildsplas deurgebring. Wanneer hy naweke en

vakansies daar aangekom het, het hy sommer die pad gevat met 'n vuurwapen, 'n slaapsak, 'n blikkie kos en toiletpapier, wat dubbelgevou ook ingespan kon word om water te filtreer.

"My pa was heeltemal gelukkig daarmee dat ek in die bos oorslaap, maar my ma het 'n paar keer die polisie gebel om my te gaan soek," onthou hy met 'n glimlag.

"My ma was maar allergies vir diere in die huis. Ek dink ek het te veel in kaste en onder die bed gehad. Ek het alles versamel – van meerkatte tot duisendpote,



Foto Verskaf





interessant

molle, voëls en slange.”

En natuurlik die rooikat. Soos 'n jagluiperd, vertel Bert, kan 'n rooikat hondmak word. Maar anders as die jagluiperd, saai hy met sy skerp naels verwoesting in 'n huis. Die dag toe hy twee van hul plaashonde doodgemaak het, het Bert geleer dat dit 'n spesie is wat as troeteldier geen kompetisie duld nie. Hul mak jagluiperd – 'n algemene gesig daardie jare – het bly leef, maar die bloed het gereeld geloop soos die rooikat sommer so in die verbygaan sy naels oor sy rug sou trek.

En dit bly nie daarby nie. “Jy het meubels van vlekvrue staal nodig,” skerts Bert. “Die rooikat hou nie sy naels terug nie, of hy nou met jou been of jou bank speel.”

Wanneer die dier loop, is sy naels ontspanne en nie sigbaar is nie. Die oomblik wanneer hy sy poot lig, skiet die naels egter uit, wat te doen het met die doodmaak en vashou van sy prooi.

Anders as 'n hiëna, “wat 'n stuk vel so groot soos 'n babakombersie kan sluk omdat dit sy maag soos 'n potskuurder spoel,” kan die rooikat nie vel eet nie omdat dit hom siek maak. Hy sal voëls, wat hy met gemak in vlug kan vang, se jong vere uitruk en die bloed uitsuig. Maar met ander prooi sal hy die vel lengtegewys met sy skerp naels in repe skeur en afruk voordat hy begin vreet.

En dit is wat hom so ongeskik maak om in 'n huis aan te hou omdat hy dieselfde proses met meubels en matte volg: “aanval”, “doodmaak” en “slag”.

Bert het aanvanklik ná skool regte gaan studeer, maar weens 'n gebrek aan belangstelling opgeskop. “My liefde het maar by die diereryk gelê.”

Sy eerste werk was by die Namibiese departement van waterwese, waar hy onder meer by die boor van boorgate op plase betrokke was. “Daarna is ek die vlakke in en het ek konsessiejag gedoen vir regerings met probleemdiere. Veral in die noorde van Namibië was die grensdrade nog nie so goed nie en baie leeus het deurgebreek en probleme veroorsaak.”

In sy middel-dertigerjare het Bert getrou, Johannesburg toe getrek en 'n draai in die korporatiewe wêreld gemaak, maar die bos het bly roep. Hy is later geskei en

VANDAG WEET EK DAT DIT HEELTEMAL VERKEERD IS OM 'N DIER TE PROBEER VERMENSLIK

het met sy seun na die stiller Plettenbergbaai getrek, dieselfde omgewing waar hy as jong kind saam met sy ouers, broer en twee susters hul somervakansies deurgebring het.

Monkeyland in The Craggs, sowat 20 km vanaf Plettenbergbaai, was toe net in aanbou en in November 1998 het hy by hulle aangesluit omdat die konsep van primate wat in 'n woud pleks van hokke bly, hom aangestaan het.

Bert huiwer nie om te sê dat hy vroeër self skade aan die natuur aangerig het nie. “Maar ek het uit my foute geleer. Vandag weet ek dat dit heeltemal verkeerd is om 'n dier te probeer vermenslik.”

Op 35-jarige ouderdom het hy ook besluit om op te hou jag en deur middel van bewaring iets terug te gee.

Monkeyland was die geesteskind van Tony Bignaut, wat op sy Overland-safaritoere tussen Johannesburg en Nairobi opgemerk het dat die wild – en veral ape weens die handel in aapvleis – al minder raak. Op een van sy toere, in 1976, het hy nie een enkele aap gesien nie.

Dit was toe dat die gedagte van 'n primatepark by hom posgevat het. Met die hulp van Lara Mostert, wat hy by die Nyati Game Lodge aangrensend aan die Kruger-wildtuin ontmoet het, het Monkeyland in 1998 'n werklikheid geword.

In 2005 is dit met Birds of Eden aangevul, die grootste vryevlug-voëlhok ter wêreld wat oor 2 ha uitgelê is met 'n maasdraadkoepel van vlekvrue staal wat tot 34 m die lug in strek. En in 2013 is die Jukani Wildlife Sanctuary geopen.

Deesdae val al drie parke onder die

South African Animal Sanctuary Alliance (SAASA), met as hoofdoel om die lewe van primate, voëls en ander wilde diere wat in hokke aangehou is te verbeter deur hulle in reservate te hervestig waar hulle vrylik kan rondbeweeg. Terselfdertyd word daarna gestreef om wetgewing, wat handel in wilde diere toelaat, uit te daag en te verander.

By Monkeyland word meer as 550 primate van oor die wêreld gehuisves. Dis hier, en ook later by Birds of Eden, waar Bert se kennis van die natuur nuttig te pas gekom het met die rehabilitasieproses.

Jukani is die enigste van die drie temaparke waar glad nie geteel word nie. Daar is drie redes hoekom al die wyfies op geboortebeperking is, vertel Bert. Eerstens gaan dit oor inteling. Tweedens het die diere 'n antisosiale kant. “Jy kan nie 'n tiermannetjie met sy werpsel aanhou nie, terwyl leemannetjies hul seuns verdryf of mekaar doodmaak vir die harem wyfies. En derdens glo ons nie daaraan om hulle te teel en te verkoop nie. Ons ondersteun nie dierehandel – 'n multimiljardbedryf – nie,” benadruk hy. “Ons tien leeus was almal vir geblikte leeu jag geteel. Die ander was geteel om verkoop te word.”

Een van SAASA se hoofdoelwitte is om die publiek in te lig oor die nadelige uitwerking daarvan om wilde diere as troeteldiere aan te hou wat hul fisieke én sielkundige gesondheid betref.

“Ons is met dieretuine en op die internet met troeteldiereienaars in verbinding,” vertel Bert. “En soms besef besoekers hier dat hul diere nie in gevangenskap hoort nie. Wanneer hulle van hul primate, voëls of karnivore afstand doen, kry hulle lewenslank gratis toegang tot die park, op voorwaarde dat ons volle rehabilitasiebeheer kry.”

Onthou net, jy kan nie 'n aap afgee en hom twee jaar later weer in die woud roep om op jou skouer te kom sit nie. Nóg die gaste nóg die werkers word toegelaat om aan die diere te vat of hulle te voer omdat dit 'n rehabilitasieproses van tot drie jaar binne enkele minute ongedaan kan maak.

Enigiemand wat 'n bydrae wil maak of as vrywilliger wil werk, kan SAASA by info@saasa.org.za kontak of www.saasa.org.za besoek 

